

**NB! VOLTOOI MET 'N SWARTPEN.** Hierdie vorm moet asseblief **VOLLEDIG** voltooi word en die aangevraagde **DOKUMENTASIE** moet die aansoek vergesel.  
**GEEN AANSOEK SAL OORWEEG WORD SONDER NODIGE DOKUMENTASIE NIE.**

HET U ENIGE LEERDERS TANS/VOORHEEN IN HIERDIE SKOOL?	Ja <input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>	
--	-----------------------------	------------------------------	--

Naam van leerder(s):	Graad:
----------------------	--------

Dokumentasie wat aansoek moet vergesel:	
Afskrif van Leerder se Geboortesertifikaat	<input type="checkbox"/>
Afskrif van Leerder se Immuniseringskaart	<input type="checkbox"/>
Afskrif van beide ouers/voogde se ID dokumente	<input type="checkbox"/>
Bewys van woonadres – bv. Water & ligte rekening	<input type="checkbox"/>
Jongste Puntetaat van vorige skool	<input type="checkbox"/>
Oorplatingskaart van vorige skool	<input type="checkbox"/>

SLEGS VIR KANTOOR GEBRUIK	
Klas: Gr. _____	
Toelatingsdatum:	2 0 _____
Familiekode:	3 _____
Toelatingsnommer:	_____
LURITS nr.:	_____

### LEERDER BESONDERHEDE:

Graad Aansoek:	<input type="text"/>	Word Graad Herhaal?	Ja <input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>	Hoogste Graad Behaal?	<input type="text"/>	Jaar van Hoogste Graad Behaal:	<input type="text"/>
Naam van Vorige Skool:				Provinsie:				
Van:				Voorletters:				
Volle Naam:				Noemnaam:				
Geboortedatum:				Geslag: Manlik <input type="checkbox"/> Vroulik <input type="checkbox"/>				
Bevolkingsgroep:				Ander:				
Nasionaliteit:				ID Nummer:				
Huistaal:				Handtekening:				
Gesinstatus:				Ouers Oorlede:				

### LEERDER: GESONDHEIDSINLIGTING:

Kroniese siektes/Probleme:	
Allergieë	Ja <input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
Medikasies:	
Spesiale problem wat Berading benodig:	

### OUER-/VOOG BESONDERHEDE

<b>PRIMêRE VOOG:</b>	
<b>Verwantskap aan Leerder:</b>	
<b>Van:</b>	
<b>Titel:</b>	<b>Voorletters:</b>
<b>Volle Naam:</b>	
<b>Noemnaam:</b>	
<b>Geboortedatum:</b>	JJJJ <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> MM <input type="text"/> <input type="text"/> DD <input type="text"/> <input type="text"/>
<b>Werkgewer:</b>	
<b>Beroep:</b>	
<b>Geslag:</b>	Manlik <input type="checkbox"/> Vroulik <input type="checkbox"/>
<b>Bevolkingsgroep:</b>	
<b>Huweliksstatus:</b>	
<b>Kontakbesonderhede:</b>	
<b>Selnummer:</b>	
<b>Kantoornummer:</b>	
<b>Adresbesonderhede</b>	
Ek kies as <i>domicilium citandi et executandi</i> (fisiese adres) waar alle kennisgewings en betekening van dokumente aanvaar sal word.	
<b>Domicile Fisiese Adres:</b>	
<b>Poskode:</b>	<input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>
<b>Werks Adres:</b>	(slegs van toepassing indien u in die area werk en nie woon nie)
<b>Poskode:</b>	<input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>
<b>E-pos:</b>	(Domicile E-posadres)
<b>Nasionaliteit:</b>	RSA <input type="checkbox"/> Ander: <input type="text"/>
<b>ID Nummer:</b>	<input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>

<b>SEKONDêRE VOOG:</b>	
<b>Verwantskap aan Leerder:</b>	
<b>Van:</b>	
<b>Titel:</b>	<b>Voorletters:</b>
<b>Volle Naam:</b>	
<b>Noemnaam:</b>	
<b>Geboortedatum:</b>	JJJJ <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> MM <input type="text"/> <input type="text"/> DD <input type="text"/> <input type="text"/>
<b>Werkgewer:</b>	
<b>Beroep:</b>	
<b>Geslag:</b>	Manlik <input type="checkbox"/> Vroulik <input type="checkbox"/>
<b>Bevolkingsgroep:</b>	
<b>Huweliksstatus:</b>	
<b>Kontakbesonderhede:</b>	
<b>Selnummer:</b>	
<b>Kantoornummer:</b>	
<b>Adresbesonderhede</b>	
Ek kies as <i>domicilium citandi et executandi</i> (fisiese adres) waar alle kennisgewings en betekening van dokumente aanvaar sal word.	
<b>Domicile Fisiese Adres:</b>	
<b>Poskode:</b>	<input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>
<b>Werks Adres:</b>	(slegs van toepassing indien u in die area werk en nie woon nie)
<b>Poskode:</b>	<input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>
<b>E-pos:</b>	(Domicile E-posadres)
<b>Nasionaliteit:</b>	RSA <input type="checkbox"/> Ander: <input type="text"/>
<b>ID Nummer:</b>	<input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>

<b>NOOD KONTAKNUMMERS:</b>	
<b>Naam &amp; Van:</b>	
<b>Verwantskap aan Leerder:</b>	
<b>Kontak Nr.:</b>	

<b>Naam &amp; Van:</b>	
<b>Verwantskap aan Leerder:</b>	
<b>Kontak Nr.:</b>	



**ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG EN DIE VERANTWOORDELIKE PERSOON TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELDE**

Ons verklaar

- Dat ons hiermee aansoek doen vir bogenoemde leerder en dat die vorm volledig ingevul is en dat die besonderhede waar en korrek is.
- Ek/ons onderneem om die skoolgelde te betaal
  - Skoolgeld is betaalbaar vanaf Januarie tot en met November. SKOOLGELD MOET TEEN EINDE NOVEMBER TEN VOLLE BETAAL WEES
  - Korting word slegs toegestaan indien u die skoolgeld voor of op 28 Februarie ten volle vereffen. GEEN KORTING WORD NA 28 FEBRUARIE TOEGESTAAN NIE.
  - Indien betaling nie vir enige betrokke maand gemaak kan word nie, MOET die skool skriftelik in kennis gestel word.
  - Leerders wat gedurende die jaar inskryf, moet die eerste verpligte betaling betaal, en daarna die maandelikse bedrag.
  - Skoolgeld rekeningstate word gedurende die jaar per vonkpos, of per hand, met die oudste of enigste leerder na die ouers gestuur. Dit bly egter u as ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat u die staat ontvang.
- AANSPREKLIKHEID VIR SKOOLGELD IN GEVAL VAN OUERS WAT REEDS GESKEI IS OF WAT BESIG IS OM TE SKEI:** Volgens die SKOLEWET, WET 84 van 1996. Skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is beide biologiese ouers, gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van die skoolfonds ongeag hulle maritale status. In die geval van wanbetaling behou die skool die reg voor om teen beide biologiese ouers op te tree nieëtaande enige egskeidingsbevel en ooreenkoms, onderhoudsbevel of enige ander ooreenkoms welke mag bestaan tussen die betrokke partye nie.
  - Ek magtig die skool om 'n Kredietburo ondersoek te doen en in die geval dat enige skoolfonds deur my verskuldig is nie betaal word nie, magtig ek die skool om enige relevante Kredietburo in kennis te stel en by besonderhede by hulle te laat lys.
  - Ek kis beide my fisiese adres wat as my woonadres gespesifiseer is, **EN** my e-posadres/e wat in hierdie dokument vervat is as my gekose regsdomisilie vir die betekening van alle regskenninggewings en –prosesse. Ek sal die skool skriftelik in kennis stel van enige nuwe adresse of e-posse, wat dan my nuwe wettige domisilie sal word.
  - In die geval dat die persoon wat hierdie dokument onderteken nie die natuurlike ouer en/of voog van die kind/ers is nie, aanvaar hulle verantwoordelikheid van die ouer soos omskryf in Artikel 1 van die Skoolwet.
  - Ek verstaan dat die afbetalingsopsie 'n vergunning van Laerskool Stephanus Roos is, en ag myself gebonde aan die voorwaardes en bepalinge van die ooreenkoms soos verder hierin uiteengesit.
  - Ek verklaar dat ek behoorlik in kennis gestel is van die opsie om in terme van die Skolewet, Wet 84 van 1996, aansoek te doen om kwytstelling van die geheel of gedeelte van my verpligting tot die skoolgeld insoverre indien ek daarvoor kwalifiseer, en dat sodanige inligting tot my kennis gekom het voor of op die datum van ondertekening van die ooreenkoms. Ek neem kennis dat die dokumente om aansoek te doen om kwytstelling in die admin kantoor beskikbaar is.
  - Ek erken dat ek verantwoordelik sal wees vir enige Prokureurskoste op 'n prokureur- en klënteskaal, opsporingsfooie, invorderingskommissie en rente, indien Laerskool Stephanus Roos dit nodig moet vind om hierdie rekening aan 'n prokureur te oorhandig vir invordering van agterstallige skoolgeld.
  - Ek onderneem om alle paaiemente voor of op die 7de WERKSDAG van elke maand te betaal.
  - Indien ek in gebreke bly om die betalings soos ooreengekom te maak, verstaan ek dat die volle bedrag vir skoolgeld vir die betrokke jaar onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees, en sal Laerskool Stephanus Roos, kragtens Wet 84 van 1996, geregtig wees om stappe te neem ten einde betaling van hierdie rekening te verseker.
  - Ek verstaan dat alle betalings eerstens vir skoolgeld aangewend sal word teen agterstallige bedrae en daarna teen die huidige skoolgeld.
  - Ek doen uitdruklik afstand van die voordele van die wetsuitsondering "non causa debiti" (geen skuldoorsaak tussen ons nie), "errore calculi" (fout in berekening, hersiening van rekening en geen waarde ontvang nie en verklaar dat ek ten volle vertrou is met die betekenis van elk van die terme.
  - Ek stem toe dat hierdie ooreenkoms nie 'n novasie van die oorspronklike ooreenkoms teweeg sal bring nie.
  - 'n Staat deur Laerskool Stephanus Roos of sy verteenwoordiger, sal beskou word as "prima facie" (bewys van gelde uitstaande).
  - Ek stem toe tot die jurisdiksie van die Landdros Hof nieëtaande die omvang van die uitstaande bedrag verskuldig.
  - Geen vergunning of toeweging wat L/S Stephanus Roos of sy verteenwoordiger toelaat op enige van sy regte, sal geag word as 'n afstanddoening, kwytstelling of vernuwning daarvan nie.
  - Enige byvoeging, wysiging of verandering van hierdie ooreenkoms sal van nul en gener waarde wees, tensy dit op skrif gestel en deur albei partye onderteken is.
  - Hierdie ooreenkoms is onderworpe aan die aanvaarding van L/S Stephanus Roos.

**SKOOLGELD 2023**

OPSIE 1: MAANDELIKS		OPSIE 2: EENMALIG	
TOTAAL PER LEERDER:	R17 400.00	Betaalbaar voor of op 28 Februarie.	
Aanvangs paaiement:	R 1 400.00	BEDRAG PER LEERDER:	R17 400.00
Skoolgeld x 10 paaiemente	R 1 600.00	KORTING:	<u>R 1 400.00</u>
		TOTAAL:	<u>R16 400.00</u>

**REKENPLIGTIGE BESONDERHEDE:**

Rekenpligtige:	Primêre Voog: <input type="checkbox"/>	Sekondêre Voog: <input type="checkbox"/>	Ander/Besigheid: <input type="checkbox"/>
Betalingsooreenkoms:	Eenmalig: <input type="checkbox"/>	Maandeliks: <input type="checkbox"/>	Per Termyn: <input type="checkbox"/>
Rekenpligtige Naam & Van:			
Rekenpligtige Kontak Nr.:			
Regsdomisilie E-pos adres:			

**REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD KONTROLELYS (inligting op bl. 3)**

- Het die skoolhoof of sy verteenwoordiger jou in kennis gestel van die bedrag van die jaarlikese skoolgeld Ja  Nee
- Het die skoolhoof of sy verteenwoordiger jou in kennis gestel dat jy aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, tensy jy geheel en al daarvan vrygestel is? Ja  Nee
- Het die skoolhoof of sy verteenwoordiger jou in kennis gestel van jou reg om, om vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen? Ja  Nee
- Wil jy om sodanige vrystelling aansoek doen? Ja  Nee
- Het jy hulp nodig met sodanige aansoek? Ja  Nee

**VRYWARING / TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM EN BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

5. Ek, ouer / voog van \_\_\_\_\_ gee hiermee toestemming dat hy / sy aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem. Om toetse deur die skool ondersteuningsspan met die oog op hulpverlening in skoolwerk of identifisering van probleme te mag aflê.
6. Ek verleen toestemming dat my kind vervoer mag word deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan daar ouers / onderwysers met wettige bestuurslisensies gevra word om leerders te vervoer.
7. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die mediese en / of hospitaalrekenings indien van toepassing, in geval van besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
8. Ek dra my magte as ouer / voog oor aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy / sy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy / sy in goeie gesondheid.
9. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: Leerderinligting van hierdie vorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval.
10. Ek onderneem om die skool in kennis te stel indien enige van bogenoemde inligting verander.
11. Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Laerskool Stephanus Roos soos vervat in die Skoolbeleid.
12. Hiermee bevestig ek dat enige beeldmateriaal van my kind gebruik mag word vir enige publikasies van die skool, in watter formaat ookal.

**Beskerming van persoonlike inligting**

Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder, gee hiermee toestemming dat:

- a) die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalinge van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en
- b) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags-en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalinge van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op die skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek aan die skool beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons verstaan dat dit my/ons verantwoordelikheid is om die Skool in te lig sodra enige van die persoonlike inligting wat ek voorsien het verander en onderneem ek/ons om die Skool spoedig moontlik van sodanige opgedateerde inligting te voorsien.

Ek verleen hiermee toestemming aan Laerskool Stephanus Roos om my persoonlike inligting wat ek verskaf op my aansoekvorm, te gebruik tydens my aanstelling by Laerskool Stephanus Roos.	Toestemming
---	-------------

**Laerskool Stephanus Roos** respekteer die privaatheid van u persoonlike inligting en onderneem om dit aan geen ander instansie bekend te maak nie. Vir verdere inligting neem kennis van ons "Privacy Notice" op ons [www.stephanusroos.co.za](http://www.stephanusroos.co.za).

Ondertekeken te Pretoria op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 20\_\_\_\_\_.

<b>Handtekening van vader/voog</b>	<b>Handtekening van moeder/voog</b>
<b>Vader/Voog: Voorletters en Van</b>	<b>Moeder/Voog: Voorletters en Van</b>

